| | |
|---|---|
| Rapporteerbaar: | Ja / Nee |
| Sirkuleer onder Regters: | Ja / Nee |
| Sirkuleer onder Landdroste: | Ja / Nee |
| Sirkuleer onder Streeklanddroste: | Ja / Nee |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
# (Noord-Kaapse Afdeling)

Saak No: CA&R 34/2008
Saak Aangehoor: 11/08/2008
Datum gelewer: 15/08/2008

**In die saak tussen:**

Matthews Zontolla — Appellant

en

Die Staat — Respondent

**Coram: Lacock R et Olivier R**

## UITSPRAAK OP APPÉL

**Olivier R:**

1. Die appellant is in die Landdroshof te Kimberley skuldig bevind aan twee aanklagte van handeldryf in dwelms ter oortreding van artikel 5 van die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary, 140 van 1992. Die eerste aanklag was dat hy op 13 Oktober 2003 handelgedryf het met 0.95g kokaïne en die tweede dat hy op 11 November 2003 handelgedryf het met 100 mandrax tablette.

2. Die appellant is op aanklag 1 gevonnis tot twee jaar gevangenisstraf en op aanklag 2 tot een jaar gevangenisstraf en kom nou met verlof van die landdros in hoër beroep teen die skuldigbevindings sowel as die vonnisse.

3. Die appellant se aanval op die skuldigbevindings is uitsluitlik gebaseer op die landdros se geloofwaardigheids- en feitebevindinge. Dit is geykte reg dat, in die afwesigheid van 'n duidelike en wesenlike mistasting, 'n verhoorhof se feitebevindinge vermoed sal word korrek te wees en slegs van afgewyk sal word indien die getuienis aantoon dat dit duidelik verkeerd was (sien **S v Monyane and Others** 2008 (1) SACR 543 (SCA)).

4. Die Staat se getuienis was in kort dat die polisiebeampte Konstabel T K Nqumbeni homself in die betrokke woonbuurt van Kimberley voorgehou het as 'n dwelmsmokkelaar en ook al só bekendheid, of moontlik eerder berugtheid, verwerf het.

5. Teen hierdie agtergrond het hy op 7 Oktober 2003 die appellant en 'n persoon wat later geblyk het ene Chute of Shooter (en waarna hierinverder verwys sal word as "*Chute*") raakgeloop in 'n straat. Met die oog op 'n moontlike dwelmtransaksie is kontakbesonderhede toe uitgeruil. 'n Reëling is toe tussen Nqumbeni en die appellant getref dat die appellant op 10 Oktober 2003 10 kokaïnkristalle aan Nqumbeni sou verkoop teen R80,00 stuk. Toe dit egter geblyk het dat die videotoerusting in die betrokke voertuig van die polisie foutief was, is die afspraak deur Nqumbeni verskuif na 13 Oktober 2003.

6. Op laasgemelde datum is Nqumbeni eers gevisenteer deur Inspekteur M van Niekerk om te verseker dat hy niks anders in sy besit gehad het nie, voordat die nodige geld aan hom oorhandig is. Nqumbeni het toe die appellant in 'n straat ontmoet. Hy het die appellant toe die veld in gevolg, waar die appellant kokaïne onder 'n klip uitgehaal het. Omdat Nqumbeni toe gekla het dat die kristalle te klein was, het die appellant eindelik 14 kristalle aan Nqumbeni oorhandig, waarvoor laasgemelde 'n bedrag van R800,00 aan die appellant oorbetaal het.

7. Op 10 November 2003 was daar weer telefoniese kontak tussen die appellant en Nqumbeni en is gereël dat Nqumbeni 100 mandrax tablette teen R30,00 stuk by die appellant sou koop.

8. Op 11 November 2003 is Nqumbeni weer so gevisenteer, dié keer deur Konstabel C B Abrahams, en is die geld aan Nqumbeni oorhandig, tesame met 'n geseëlde videoband. Nqumbeni het toe die appellant buite laasgemelde se huis opgelaai met sy voertuig.

9. Nadat die appellant toe teenoor Nqumbeni beweer het dat hy nie die tablette in sy besit gehad het nie, het die appellant vir Nqumbeni beduie hoe om te ry na die huis van Chute, waar hy gesê het hulle die tablette sou gaan haal.

10. Daar aangekom, het die appellant egter vir Nqumbeni gewys dat hy inderdaad die tablette in sy besit gehad het (waar dit voor by sy broek ingedruk was), maar het hy gesê dat hy

eerder vir Chute sou gaan haal, omdat hy wat die appellant was nie die geld wou ontvang nie.

11. Na 'n rukkie het die appellant egter na die voertuig teruggekeer en het dit geblyk dat hy blykbaar, terwyl hy in die betrokke huis was, onsuksesvol gepoog het om vir Nqumbeni te bel.

12. Die appellant het toe die tablette aan Nqumbeni oorhandig en laasgemelde het aan die appellant R3 000,00 betaal. Dit was in kort dan die strekking van die getuienis wat namens die Staat aangebied is.

13. Die appellant se saak, wat betref aanklag 1, was dat hy ontken het dat hy enigsins betrokke was by die verkoop van kokaïne aan Nqumbeni.

14. Wat betref die mandrax tablette (aanklag 2) het die appellant aangevoer dat hy Nqumbeni die eerste keer gesien het ongeveer 'n week voor 11 November 2003, toe Nqumbeni en ene Eli (ook in die getuienis na verwys as "*Elijah*" en "*Mdakwetu*") met 'n voertuig by die appellant se huis opgedaag het en Chute (wat tot op daardie stadium daar by die appellant was) toe vandaar saam met hulle weg is.

15. Volgens die appellant het Nqumbeni hom toe ongeveer 'n week later (vermoedelik dan op 11 November 2003) genader en gevra of hy hom nie kon gaan wys waar Chute bly nie, omdat Nqumbeni nie vir Eli in die hande kon kry nie.

16. By Chute se huis aangekom, het Nqumbeni toe volgens die appellant aan hom 'n bedrag geld oorhandig en hom versoek

om dit vir Chute te gaan gee. In die huis het laasgemelde die geld ontvang en op sy beurt aan die appellant ‘n pakkie oorhandig, wat hy toe in die voertuig aan Nqumbeni gaan oorhandig het.

17. Toe Nqumbeni in die voertuig een van die aparte pakkies binne die betrokke pakkie oopgemaak het, het dit geblyk tablette te bevat. Nqumbeni het toe volgens die appellant aan hom R3 000,00 gegee om aan Eli te oorhandig en hom gaan aflaai.

18. Volgens die appellant het Nqumbeni hom toe weer later in ‘n taverne genader om hom na Chute te vergesel, maar het hy toe geweier.

19. Die landdros het, met inagneming van die feit dat Nqumbeni ‘n enkelgetuie was, bevind dat hy ‘n goeie getuie was. Ek is van oordeel dat hierdie bevinding korrek was en daar is ook nie in argument gewys op enige mistasting wat die landdros in hierdie verband mag begaan het nie.

20. Wat aanklag 1 betref, toon die getuienis van Inspekteur van Niekerk dat die appellant nie die hele storie uit sy duim gesuig het nie. Van Niekerk het inderdaad die betrokke geld aan Nqumbeni oorhandig op daardie datum en later van hom die kokaïne ontvang.

21. Dit is totaal vergesog dat Nqumbeni en van Niekerk se hele verhaal in hierdie verband gefabriseer sou wees en daar was geen suggestie dat die appellant met iemand anders verwar sou gewees het nie.

22. Inteendeel, dié verhaal sluit mooi aan by die latere gebeure van 10 en 11 November 2003, want dit sou verduidelik waarom Nqumbeni toe weer die vrymoedigheid sou gehad het om met die appellant oor die mandrax te praat.

23. Die appellant was nie net ooglopend 'n swak getuie wat sy weergawe aangepas het nie, maar sy weergawe ten aansien van veral aanklag 2 het ook ernstige onwaarskynlikhede bevat.

24. Die appellant se aanvanklike bewering dat Nqumbeni hom nodig gehad het om vir hom te wys waar Chute bly, het gebots met sy latere getuienis dat Nqumbeni eintlik geweet het waar Chute gebly het.

25. In 'n poging om dit te verduidelik, het die appellant beweer dat Nqumbeni te kenne gegee het dat hy hom gevra het om hom te vergesel omdat hy hom dan kwansuis besonders sou vertrou het (en dit nadat hulle op die appellant se weergawe mekaar toe maar nog net een keer voorheen op 'n afstand gesien het).

26. Die appellant kon ook nie verduidelik waarom Nqumbeni, indien hy maar net wou gehad het dat die appellant hom moes vergesel na Chute se huis, daar vir hom wat die appellant was sou gevra het om die geld in te neem nie. Nog minder kon hy verduidelik waarom hy toe nie vir Nqumbeni uitgevra het oor dié vreemde (en inderdaad totaal onwaarskynlike) optrede nie.

27. Op die appellant se eie weergawe het hy, toe Chute vir hom by oorhandiging van die pakkie gesê het om vir Nqumbeni te sê "*die stuff hy is all right ... en die manne gaan dit like*", al hond se gedagte gehad, maar by homself gedink dat hy "*tog ... gaan*

*nou na die polisie toe die goed vat, is moontlik dat hy moet gaan kyk wat die is*". Die appellant het toe egter nog nie geweet dat Nqumbeni 'n polisiebeampte was nie.

28. Later het die appellant sy getuienis aangepas om te beweer dat hy eers toe Nqumbeni een van die kleiner pakkies (binne die groter pakkie) in die voertuig oopgemaak het en hy die tablette gesien het, gedink het dat dit dwelms kon wees.

29. Dit was gemenesaak dat Nqumbeni die appellant daar in die voertuig gevra het of al die tablette dieselfde was en dat die appellant toe bevestigend geantwoord het. Die appellant het eers beweer dat hy bloot bedoel het om te verwys na die een oop pakkie se tablette, maar later toegegee het dat hy eintlik verwys het na al die tablette (dit wil sê ook dié in die oorblywende twee toe pakkies wat binne die groter pakkie was). Hoe sou die appellant op sy weergawe geweet het hoe al die tablette gelyk het (ook dié in die twee toe pakkies) en, belangriker nog, hoekom sou Nqumbeni op die appellant se weergawe dit vir hom gevra het?

30. Ten aansien van die beweerde latere ontmoeting by die taverne (wat Nqumbeni ontken het) het die appellant homself nie alleen weerspreek oor of dit Chute of Mdakwetu was wat hy gesien het voordat hy geweier het om weer vir Nqumbeni te vergesel nie, maar het hy later ook toegegee dat hy nie weer met Nqumbeni te doen gehad het ná 11 November 2003 nie.

31. 'n Video-opname van die gebeure van 11 November 2003 is ook as bewysstuk ingehandig. Ek moet sê dat die wyse waarop

te werk gegaan is met die aanbied en toelaat van hierdie getuienis totaal onbevredigend was.

32. In die eerste plek is geen stappe geneem om die inhoud van die opname op rekord te plaas nie. Verder het dit geblyk dat die opname ook van 'n swak gehalte was.

33. Die appellant het ook destyds aangedui dat die tolk nie behoorlik oorgedra het wat tydens die opname gesê is nie. Die opname en 'n transkripsie van die betrokke getuienis is toe oorhandig aan mnr Pholo, 'n senior hoftolk met 22 jaar ondervinding. Sy latere getuienis was dat dit wat die tolk oorgedra het 'n "*summary of what he could hear to the best of his ability of his hearing*" was.

34. Op mnr Pholo se eie getuienis sou die tolk dan egter maar gesukkel het om iets te hoor. Hyself moes oorfone gebruik om net die "*audible sections*" te transkribeer.

35. Dit is teen hierdie agtergrond verbasend dat die appellant se regsverteenwoordiger sondermeer toegestem het tot die toelating van hierdie getuienis as bewysmateriaal.

36. Selfs so het dit egter darem wel minstens uit Nqumbeni se onbetwiste getuienis geblyk dat die video-opname vertoon het dat die appellant die dwelms voor by sy broek uitgehaal het; wat natuurlik volkome teenstrydig sou wees met die appellant se weergawe dat hy die dwelms in die huis by Chute gekry het.

37. Dat 'n video-opname inderdaad van die gebeure in die voertuig op die betrokke dag gemaak is, is bevestig deurdat die

appellant self ook getuig het dat die betrokke opname getoon het hoedat Nqumbeni die tablette voor hom oopgemaak het.

38. Afgesien daarvan dat die appellant se weergawe oor die tweede aanklag dus ooglopend vals en nie redelik moontlik waar was nie, is daar ook vir Nqumbeni se weergawe stawing in die getuienis van die betrokke opname.

39. Wat die vonnisse betref, is in die betoogshoofde namens die appellant bloot aan die hand gedoen dat die kumulatiewe effek van die twee vonnisse onvanpas is, "*veral as in aanmerking geneem word dat dit die appellant se eerste oortreding van hierdie aard is*".

40. Na my oordeel is nòg die individuele vonnisse nòg die kumulatiewe effek daarvan onvanpas.

41. Alhoewel die appellant geen soortgelyke vorige veroordeling gehad het nie, was hy beslis nie 'n eerste kennismaker met die gereg nie. Hy is 'n man wat hom tussen 1992 en 1999 by verskeie geleenthede skuldig gemaak het aan huisbraak en wat ook al meermale gevangenisstraf uitgedien het in die proses.

42. Alhoewel dit nie direk betrekking het op die onderhawige oortredings nie, is die appellant se misdaadgeskiedenis sekerlik nie ontersaaklik nie en was hy na my oordeel tot 'n mate gelukkig dat die landdros oënskynlik glad nie sy rekord in ag geneem het by die oorweging van vonnis nie.

43. Die dwelms is ook aan Nqumbeni verkoop op die basis dat hy self 'n handelaar sou wees; dit wil sê nie vir eie gebruik nie, maar vir verdere verspreiding.

44. Selfs al was die hoeveelheid kokaïne tersprake maar slegs 0,95g is dit duidelik uit die gesag dat kokaïne inderdaad 'n gevaarlike dwelm is. Die handeldryf in dwelms soos kokaïne en mandrax word inderdaad deur die howe in 'n uiters ernstige lig beskou (sien **S v Nkabinda** 1993 (1) SACR 6 (A) op 9e-f).

45. Word gelet op die maksimum voorgeskrewe vonnis vir die handeldryf in hierdie tipe stowwe, is daar geen grond waarop enige van die twee vonnisse of hulle kumulatiewe effek as skokkend of onvanpas beskou sou kon word nie.

*"... it is clear that by making provision for severe sentences, the Legislature was endeavouring to give the courts sufficient power to exterminate the ever-growing social evil of abuse of drugs in our community. Drug trafficking is a scourge all over the world. It is the kind of insidious evil that has the capacity to ruin mankind. In its wake, we find broken families, drug addicts and the youth who, due to naivety and lack of experience have proved to be easy prey to unscrupulous dealers. … The courts can certainly make their contribution in the gallant fight against this pernicious evil by imposing appropriate sentences. In the circumstances, appropriate sentences are those that will send a clear and unequivocal message to the public including drug dealers that our courts will not hesitate to impose particularly severe sentences which are intended to act as deterrents … . To my mind drug-dealers*

*deserve no sympathy or pity. They must face the full might of the law."*

Per Bosielo WRP in **S v Bartlette**, 'n ongerapporteerde uitspraak op appèl in hierdie afdeling onder saak no CA & R 92/07.

46. Die landdros het dan ook uitdruklik die kumulatiewe effek van die twee vonnisse oorweeg by die oplegging daarvan.

47. Bygevolg word die volgende bevel hierin gemaak:
**Die appèl misluk en die skuldigbevindings sowel as die vonnisse word bekragtig.**

**C J OLIVIER**
**REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

Ek stem saam:

**H J LACOCK**
**REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

Nms Appellant: Adv T Fourie
In opdrag van: Regshulpsentrum, KIMBERLEY

Nms Respondente: Adv J J Cloete
In opdrag van: Direkteur van Openbare Vervolgings, KIMBERLEY